



Fynbos

Kleinmond

Natuerbewaringsvereniging
Nature Conservation Society

No/Nr 172 Oktober / October 2022

Reg no / nr 005-622 NPO

kleinmondnbv@gmail.com

Kleinmond se stukkie Renosterveld

Die fynbos-bloom is anders as die Kaapse blommestreek en die Kaapse Blommeryk. "Bloom" verwys na die twee belangrike tipes plantegroei (fynbos en renosterveld) in die gebied. "Streek" en "ryk" verwys weer na die algemene geografiese area en sluit ander tipes plantegroei in.

– Thea Brink

Die fynbos-bloom bestaan uit twee tipes plantegroei, naamlik fynbos en renosterveld. Hierdie twee ekologiese stelsels verskil op baie gebiede van mekaar. Die grond in renosterveld is baie vrugbaar en het voorheen baie grasspesies en dus ook groot wildtrope en ander herbivore onderhou. Fynbos is ryker in aantal spesies, maar die grond is te arm om as weiding vir wildtrope te dien.

Renosterveld het tipies fyn grondsoorte, soos klei en slikgroond, en juis daarom word dit as landbougrond (vir graan en canola byvoorbeeld) benut. Min van die oorspronklike renosterveld het oorgebly. Slegs 5% van die weskus se renosterveld is onaangestas deur landbou of ontwikkeling.

'n Stukkie kusrenosterveld binne ons bereik is in Rooisand se omgewing. Ongelukkig is die gebied grootliks oorgeneem deur indringerplante. Die brand in Januarie het egter 'n gedeelte oopgemaak vir tipiese renosterveldplantegroei, en Kleinmonders kon hulle onlangs verkyk aan hul eie Namakwaland in die klein. Tipies van jong renosterveld was daar baie bolplante (*Iridaceae* en *Liliaceae*) en baie uit die aster- en ertjie-families (*Asteraceae* en *Fabaceae*). Ons plaas 'n paar foto's wat in die begin van September daar geneem is. Bronne:

<http://pza.sanbi.org/vegetation/fynbos-biome>

<https://www.inaturalist.org/posts/13034-the-fynbos-biome-comprising-fynbos-renosterveld>



Bo: *Moraea melanops*, onder kloksgewys van links bo: *Moraea fugacissima*, *Ornithogalum thyrsoides*, *Microloma tenuifolium*, *Gazania pectinata*.



Bot River-Kleinmond Estuary

Co-ordinated Waterbird Counts

– Carin Malan

The Cape Whale Coast Important Bird Area or IBA supports more than 233 bird species, of which 86 are waterbirds. Both the Bot River-Kleinmond and Klein River (Hermanus) estuaries are important summer refuges for waterfowl and migrant species when rivers and dams dry up elsewhere.

These wetlands have historically held up to 25 000 birds and on occasion more than 40 000. However, recent counts show a severe drop in bird numbers. The numbers of recent counts amount to only 32% of the numbers recorded in counts between 1979 and 1981.

The Bot River-Kleinmond estuarine system is about 1 550 ha in extent and is ranked eighth in the country for its conservation importance, particularly for its birdlife and as a nursery area for fish.

Sixteen of SA's largest estuaries have been regularly monitored over the past 21 years; the Bot River-Kleinmond estuary for the past 29 years. The data resulting from this work have been invaluable for conservationists and BirdLife South Africa.

Both the Bot River-Kleinmond and Klein River have been showing an overall decline in the number of birds counted since the 1980s, with an 85% decline in migratory birds recorded, especially migratory waders such as curlew sandpiper, wood sandpiper, marsh sandpiper and red knots.

Regionally threatened species such as the African marsh harrier, greater flamingo, Caspian tern and great white pelican occur in the estuary. It is also interesting to note that the great crested grebe, black-necked

grebe, yellow-billed duck, Cape shoveler, red-knobbed coot and swift tern meet the 1% threshold for congregatory species classification.

The Co-ordinated Waterbird Count (CWAC) is a citizen science project, and CWACs are done throughout the Overberg, from the Palmiet River mouth all the way to Uilenkraal Estuary. The Bot River-Kleinmond Estuary




Great White Pelican. Image: Paul Coetzee

counts are led by the Tygerberg Bird Club, and Kleinmond birders join their enthusiastic members four times a year for the counts. The project is also supported by Somerset West Bird Club and BirdLife Overberg.


Our last count was disappointing (to say the least) regarding number of species observed and number of birds counted. This was probably the lowest species count ever over the last twenty or so years. Nevertheless, the data remain valuable as they confirm a very disturbing trend in and around the estuary.



Caspian Tern. Image: Paul Coetzee



Cape Shoveler. Image: Paul Coetzee



Die staproete kuslangs

Kleinmond is met reg bekend vir sy stappaadjies wat deur die kusfynbos kronkel en om elke nuwe draai 'n nuwe uitsig oor die see en berge bied.

Die paadjies moet natuurlik onderhou word, en hierby is KNBV op vrywillige basis betrokke om die munisipaliteit by te staan waar nodig.

Gerhard Booysen, die komiteelid wat gemoeid is met al ons staproetes, en 'n klein werkgroep het nou met 'n blink plan vorendag gekom sodat al die dink- en doen-werk nie net op een persoon neerkom nie. Hulle het die kusroete in verskillende sones verdeel, en werf nou vrywilligers om vir 'n sekere gedeelte van die roete as't ware eienaarskap te aanvaar. Die persone sal dan 'n oog hou oor hul gedeelte, skade rapporteer en help met die regmaak. Die nodige materiaal word voorsien; al wat nodig is, is gewilligheid om te help sodat ons paadjies nog vir lank vir baie mense plesier kan verskaf.

Die uitdagings van die plankiespad

Een van die paadjies wat besondere uitdagings bied, is die plankiespad by Palmietstrand.

Die paadjie loop deur vleiland wat in die winter onder water is. Daarom bestaan die paadjie uit planke wat effens gelig is sodat die water kan deurvloeï.

Ongelukkig is die plankies gesogte boumateriaal en/of vuurmaakhout. Die hout het ook 'n beperkte lewensduur. Daar is vrywilligers wat feitlik onophoudelik aan die instandhouding van die paadjie werk, maar die hele storie raak al hoe duurder.

Gerhard Booysen en sy werkgroep is dus besig om



Hier is 'n voorbeeld van hoe die nuwe paadjie kan lyk.

alternatiewe te soek.

'n Opsie wat baie belowend lyk, is om die houtpaadjie te vervang met betonblokke wat effens weg van mekaar gelê word. Die voordele hiervan is die volgende:

- ♦ Dit skakel in by die omgewing.
- ♦ Dit is bestand teen brande, diefstal en vandalisme.
- ♦ Dit het feitlik geen onderhoud nodig nie.
- ♦ Dit is ekologies vriendelik en sal nie die vleiland se watervloei in die wiele ry nie.
- ♦ Dit is veilig en bekostigbaar.
- ♦ Dit is maklik om te vervaardig en te installeer.

Die geraamde vervaardigingskoste van die blokke sal ongeveer R80,00 elk wees. Daar word 3 blokke per lopende meter geplaas. Dit is dus aansienlik goedkoper as hout of ander materiaal.

Die saak moet egter nog baie mooi ondersoek word. KNBV is egter opgewonde oor die moontlikhede en beplan 'n toetslopie.

The beautiful evening hawker

– Darryl de Beer and Carin Malan



The evening hawker (*Anaciaeschna triangulifera*) is a very large (64 – 69 mm) dragonfly, fairly uncommon and always cause for celebration when found.

Due to its size, it is fairly easy to spot, but then the fun begins! It hardly ever settles, and when eventually perched, ensures it is in the most difficult position to photograph.

The evening hawker's range extends from the Southern Cape to the coastal plains in KZN and as far as Ethiopia.

It usually appears from November to May, although records have been found throughout the year.

The evening hawker in our picture is a female. They are normally crepuscular, but this beauty was discovered in the afternoon. You should see more of them soon, so be on the lookout for this magnificent creature.

Die sage van die ystervark

– Thea Brink

Daar is onlangs 'n dooie ystervark in Kusweg gevind. Dit het heelwat mense nogal hartseer gemaak, terwyl ander vertel het van die ystervarke in hulle strate en tuine en die skade wat hulle kan aanrig.

Dit het ons laat wonder oor hierdie geheimsinnige dier wat so eie aan Afrika is.

Hystrix africaeaustralis, die Kaapse ystervark, is die grootste knaagdier in die genus en inheems aan Suid-Afrika. Hulle kom wyd verspreid in Afrika suid van die Sahara voor, net nie in digte woude of sentrale Botswana nie. Hulle kan baie koue en baie warm toestande verduur, wat veroorsaak dat hulle in baie verskillende habitate kan oorleef.

Hulle word meestal gevind in grasveld, subtropiese en tropiese droë bosveld, plantasies, landerye en tuine. Bedags bly hulle onder rotse of in grotte en ou gate van ander diere. In Kleinmond rus hulle dikwels in die stormwaterslote.

Tot groot ergenis van tuiniers het hulle 'n voorliefde vir bolle. Hulle eet egter 'n wye verskeidenheid plantvoedsel – dit hang af van wat beskikbaar is. Hulle sal selfs boombas eet en jong bome ontwortel. Ongelukkig grawe hulle meer uit as wat hulle opeet, en is ook nie netjiese grawers nie. Mens weet as 'n ystervark deur jou tuin geëet het!

'n Volwasse ystervark kan van 10 tot 24 kg weeg. Hulle is stewige diere met kort beentjies en kort sterte (wat mens nooit te sien kry nie) en het grys-bruin koppe, klein ogies wat agter op die kop sit en feitlik onsigbare ore wat soos die mens s'n gevorm is. Die swart en wit penne kan tot 30 cm lank wees. Hol penne in die stert maak die kenmerkende ratel-geluid.

Ystervarke is gereed om voort te plant vanaf hul tweede jaar. Kaapse ystervarke is monogaam en die wyfies kry gewoonlik een werpsel van een tot vier kleintjies per jaar. Kleintjies word groot in gate in die grond wat met gras uitgevoer is. Hulle word op drie of vier maande gespeen en hul kans op oorlewing is baie goed.

Hulle vorm sosiale eenhede bestaande uit een volwasse paar en die jonges van verskeie werpsels. Soms bly 'n volwasse mannetjie saam met verskeie jonger ystervarke. Snags soek hulle gewoonlik een-een of in klein groepies 'n entjie van mekaar af kos. Omdat hulle maanlig vermy en gewoonlik onder digte plante rondsnuffel, gaan hulle meestal onverstoord hulle gang.

Hul vyande is groot katte en hiënas, maar hulle word selde aangeval. As 'n roofdier dit naby waag, staan die

Illustrasie:
www.dreamstime.com



ystervark doodstil. Hy word eers aggressief as hy vasgekeer word. Hulle verkies om die vyand te waarsku deur hulle voete te stamp, te grom, hulle agterste hol penne te skud sodat dit raas, en hulle penne te lig. As die roofdier nog steeds nie bes gee nie, storm hulle sydelings of agteruit om hulle penne te laat praat.

In die veld word hulle ongeveer 10 jaar oud, maar in gevangenskap tot 20 jaar.

Hulle speel 'n belangrike rol in die fynbos. Hulle grawery maak die grond los, sodat water makliker kan insink. Hulle kossoekery verseker groter diversiteit in die planteryk deurdat hulle die dominansie van een soort plant help verhoed. Dis in elk geval wat die kenners sê.

Baie mense in Afrika glo dat die ystervark spesiale beskermingskrag het. Hulle organe word verbrand, fyngemaal en gemeng met kruie en boombas, en hierdie konkoksie maak 'n mens sterk en beskerm jou teen jou vyande. Die Zoeloes gebruik soms die penne om snytjies in die vel te maak wanneer hulle medisyne daaraan wil smeer.

Ystervarke word gejag vir hulle vleis, en hulle word ook op wildveilings verkoop. Ten spyte hiervan word hulle tans nie bedreig nie. Daarvan kan die Kleinmonders wat hulle (of bewyse van hulle teenwoordigheid) in hulle tuine en strate gewaar, getuig.

Maar wie anders op aarde kan praat van “ons” ystervark in Kusweg of in 10de Laan? Ons is voorwaar geseënd.

Fynbos is die nuusbrief van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging

Saamgestel deur die redaksionele komitee

Artikels, behalwe herdrukke uit ander bronne, mag sonder verlof herdruk of aangehaal word, mits die bron, *Fynbos*, erken word. Die menings van die artikelskrywers is nie noodwendig die opinie van KNBV nie.

Fynbos is the newsletter of the Kleinmond Nature Conservation Society

Compiled by the Editorial Committee.

Articles, except reprints from other sources, may be reprinted or cited without permission provided the source, *Fynbos*, is acknowledged. The opinions of the authors are not necessarily those of KNCS.

Kontakbesonderhede:

Voorsitter: Carl Swart (cjswart2349@gmail.com)

Redakteur: Thea Brink (brinkthea@gmail.com)

It is about much more than picking up litter

— Johan Hendrikz

It is easy to think that the cleanup days in Kleinmond as organised by the Eco Ministry and the Nature Conservation Society are just about picking up litter.

That would be a limited view of a matter which is directly linked to a global environmental crisis. According to National Geographic, 80% of all plastic waste ends up in landfills, from where most of it gradually migrates to rivers and then the oceans of the world. If we do not change our waste management, there will be more plastic than fish (weight for weight) in the ocean by 2050.

Pollution in the oceans has a direct negative effect on the quality of life on earth. There are numerous scientific studies providing evidence of micro-plastics and fibres entering our food chain and of the devastating effect of pollution on ocean life.

When you pick up litter, especially along our shoreline and on beaches, you become part of the solution. Your contribution may be small, but it is highly significant. The shore is the last place where we who live on land can stop sea pollution.

One of the concerns about previous cleanup days in Kleinmond was that so few young people and their parents attended these initiatives. The Strandlopers, an eco youth group in Proteadorp, is the exception. This time around we invited Laerskool Kleinmond and Kleinmond Primary to join the International Coastal Cleanup Day on 17 September.

We had two goals for the day. The first was to clean Kleinmond's main beach and harbour and Palmiet beach. And then we also wanted to create awareness

about recycling. Litter that could be recycled was put in different bags to show how much of our litter can actually be repurposed.

Saturday turned out to



The enthusiastic Strandlopers. Image: Carl Swart.



Die groep van Laerskool Kleinmond. Foto: Johan Hendrikz.

be rainy and cold. Nevertheless, more than 230 volunteers took part in the cleanup and for the first time we had more children than adults participating. We collected 58 full bags (362 kg) of trash, of which 21 bags could be recycled.

Verskeie instansies, onder andere Plastic SA, Overstrand Distriksmunisipaliteit, Kleinmond Skrynerkers, Carry me Home en True Cape, het verseker dat daar genoeg knyperborde, plastieksakke, handskoene en verversings vir die deelnemers was.

Die onderwysers, ouers en kinders wat vir die eerste keer aan so 'n skoonmaakdag deelgeneem het, was dit eens dat dit nie net 'n waardevolle en aangename ervaring was nie, maar dat die skole in die toekoms in 'n groter mate by dié soort aksies betrokke behoort te wees.

Ons skoonmaakdag het die fondament gelê vir toekomstige skoonmaak- en ander projekte saam met die plaaslike skole. Daar is begin om 'n jonger geslag en hulle ouers te betrek om Kleinmond uit te bou as 'n omgewingsbewuste gemeenskap wat ons wonderlike natuur met sy berge, strome, strande en kuslyn beskerm en bewaar.





Great Southern Bioblitz 2022

Set aside 28 - 31 October for the Great Southern Bioblitz 2022: Overstrand is taking part again!

This event is a citizen science effort to record as many plants, animals and fungi in the southern hemisphere as possible during a specific weekend in the spring, and to load their photos on iNaturalist.org.

iNaturalist is a joint initiative of the California Academy of Sciences and the National Geographic Society. Our SA representative is dr Tony Rebelo, researcher at SANBI in Cape Town.

How does the GSB work? From 28 – 31 October 2022 everyone is invited to take pictures of everything that moves or grows within the borders of our municipality. The only species that do not count are humans, domestic dogs and domestic cats.

Here in the Overstrand we like to focus on wild plants, animals and fungi, but nothing prevents you from taking pictures in your garden. And why not take a walk in your neighbourhood to see what you can find on sidewalks, in parks, or on empty plots? Of course many people enjoy the excuse to put on hiking boots and spend half a day in the veld armed with cameras and the occasional flask of coffee.

After all that enjoyment we have more or less a week to upload all our photos on iNaturalist.org. In this way they become part of a world-wide data bank of life on earth.

You don't know how to use iNat? Don't worry: below are contact details of people who are more than willing to help.

You don't know the names of your examples? Don't worry: there are experts generously giving their time to help identify everything that is uploaded. And even before the experts get involved, the increasingly clever artificial intelligence engine should be able to point you towards the family or genus, at least.

Every observation you upload will help with Overstrand's number of observations, and each one that can be identified will also count towards our number of species. Last year we participated in the Great Southern Bioblitz 2021, our first time ever, and took second place world-wide after Cape Town. This year we want to increase our percentage of observations that are identified to Research Grade, so please help us get there by agreeing with or making as many IDs as you can in the week after the bioblitz. Find out details of organised outings and get the help you need on our Overstrand bioblitz Facebook page at <https://www.facebook.com/groups/522034079236092> or search Overstrand Bioblitzing, or email Magriet Brink at kogelbergcrew@gmail.com.

Onthou die fynbos en die berge in jou testament

Jy het dalk 'n leeftyd se plesier hier in berge en tussen die fynbos geniet. Het jy al daaraan gedink dat jy kan help om die fynbos se toekoms te verseker deur 'n bemaking aan Kleinmond Natuurbewaringsvereniging in jou testament te doen?

Jou testament verseker dat jou wense na jou leeftyd eerbiedig word. Dit help om na die mense naaste aan jou om te sien en ook dié sake te bevorder wat jou na aan die hart lê.

Deur iets na te laat sodat ons unieke fynbos

bewaar kan word, help jy om seker te maak dat jou kinders en kleinkinders ook in die vreugde van ons unieke plante, diere, goggas en seelewe sal kan deel.

Kleinmond Natuurbewaringsvereniging se werk kan nie voortgaan sonder ruim skenkings van ons ondersteuners nie. Dis nie net ryk mense wat bemakings doen nie. Elke bydrae, klein of groot, sal slegs aangewend word om ons fynbos te bewaar. En elke bydrae maak 'n wesenlike verskil.

Bespreek die saak met jou prokureur of vra 'n kodusilvorm by die vereniging aan.